# Vrolike Vrydag Nuus
# Fakulteit Opvoedkunde

3 Maart 2023

## Registrasie- & Oriëntasieprogram vir eerstejaars



**O**ns fakulteit het op 16 en 17 Februarie 2023 'n baie geslaagde R&O-program aangebied. Die opgewonde gesigte van eerstejaars wat hulle vierjaarreis in die Fakulteit Opvoedkunde begin, was oral te sien. Studente regoor al die fases is met 'n aksiebelaaide program vermaak en hulle is in staat gestel om eerstehandse ervaring op te doen oor hoe om hulle studiereis suksesvol te bestuur.

Sprekers van die administratiewe ondersteuningspersoneel, SAC-lede, programkoördineerders en leiers, asook ons uitvoerende dekaan, prof Lloyd Conley, was op die Potchefstroomkampus teenwoordig om waardevolle insigte te gee oor hoe om moeiteloos deur troebel waters te vaar.

Aangesien 'n student se oorgang na hoër onderwys uiters belangrik is, was dit beslis twee produktiewe dae om studente ten opsigte van hulle instelling, en veral hulle fakulteit as geheel, te help oriënteer. Akademiese sukses en deurvloei oor die algemeen begin met 'n geslaagde oriëntasieprogram.






### Feedback from Mahikeng Campus

We commenced the second day of our orientation on a high note.
A word of congratulations to our R & O inter-faculty debate winners.
Our faculty won the first place!








Staff on Vanderbijlpark Campus

### Feedback from Potchefstroom Campus

Students deemed the R&O Programme to contribute to their knowledge on the overall structure and support provided to them and laughing faces left the venues, ready for 2023!













# Werkswinkel oor volhoubare kapasiteitsbou vir navorsing

Die Skool vir Professionele Studies in Onderwys op die Mahikengkampus (MK) het nog 'n geslaagde werkswinkel oor volhoubare kapasiteitsbou vir navorsing (RCB) gehou. Die voorsitter by die werkswinkel was die waarnemende adjunkdirekteur (MK), mnr Matthews Makunye. Die motiverende opening van die dag is deur prof Washington Dudu, Adjunkdekaan: Navorsing en Innovasie, hanteer. Prof Charl Wolhuter het sy magdom kennis oor die bou en instandhouding van internasionale samewerking, asook die moets en moenies in akademiese publikasies, gedeel. Ander kollegas het die onderwerp van volhoubare betrokkenheid by die volgende navorsingsaktiwiteite hanteer: navorsingskryfwerk (dr Darrell de Klerk), nagraadse studieleiding (dr Joyce Dhlamini), en impakfaktor en sigbaarheid (dr Jan Khumalo en prof Ewelina Niemczyk). Die oorvloed insiggewende en stimulerende besprekings ná elke aanbieding het bewys hoe lewendig RCB-werkswinkels is en die behoefte aan soortgelyke werkswinkels vir die toekoms geregverdig.



Back row: Prof Dumsani Mncube, Prof Ewelina Niemczyk, Dr Joyce Dhlamini, Prof Washington Dudu, Mr Matthews Makunye and Dr Aloysius Seherrie
Seated: Dr Jan Khumalo, Prof Charl Wolhuter, Dr Darrell De Klerk and Dr Celestine Mayombe



# Tweedagwerkswinkel oor mediasie, planne vir ouers en die stem van die kind



Dr Wanda van der Merwe, Mrs Jolene Jansen van Vuuren, Mrs Marici M Corneli and Adv Chris Maree



Die Opvoedkundige Sielkunde-vakgroep by die Noordwes-Universiteit (NWU) is passievol oor die ondersteuning van en leiding aan individue vir hulle lewenspad, met begrip vir die mense in ons gemeenskappe wat dikwels uitdagings en trauma ervaar en ondersteuning nodig het. Van die groot krisisse wat 'n kind of gesin dikwels in hulle lewens ervaar,
is situasies waar 'n kind met hulle ouers kontak moet behou nadat die ouers deur 'n egskeiding of ander skeiding gegaan het.

Ná hierdie traumatiese gebeurtenis moet die kind en hulle gesinne ondersteuning ontvang.

Die Opvoedkundige Sielkunde-vakgroep het 'n tweedagwerkswinkel in samewerking met Family Assist gehou om ons as dosente oor regsaspekte van mediasie en planne vir ouers toe te rus sodat ons studente kan ondersteun en onderrig,
asook oor hoe om onderhoude met kinders te reël en van die stem van die kind bewus te wees.

Die werkswinkel het op die Kinderwet 38 van 2005, artikel 33 en 34 gefokus, wat grondig verduidelik en bespreek is. Begrip is gekweek oor planne vir ouers as regsinstrument wat die kontak beïnvloed wat kinders met hulle ouers moet hê. Aandag is gegee aan hoe om ouerlike vervreemding te identifiseer, en hoe om die wêreld van die kind te verken deur die gereedskap vir die stem van die kind te gebruik. Die informatiewe werkswinkel is deur adv Chris Maree, Marici M Corneli, Neritha Klue en Jolene Jansen van Vuuren aangebied.

# SGL-lede ontvang toekennings van die Onderwysvereniging van Suid-Afrika (OVSA)




Die Navorsingseenheid Selfgerigte Leer wens dr Anitia Lubbe en dr Marisa Verster geluk met hulle gesamentlike OVSA- nagraadse doktorale medalje vir 2021. Hulle het hierdie toekennings by die OVSA-konferensie van Januarie 2023 in Kaapstad ontvang. Professor CP van der Westhuizen het ook tydens dieselfde konferensie die OVSA-navorsingsmedalje vir 2021 ontvang. Ons wens hulle almal alles van die beste vir hulle toekomstige navorsingspoging toe.

# ERASMUS PLUS MOBILITEIT

Erasmus Plus is 'n mobiliteitstoekenning vir akademici en studente om internasionale netwerke te bou terwyl hulle navorsing doen, onderrig gee en hulle kwalifikasies verbeter (https://erasmus-plus.ec.europa.eu/about-erasmus/what-is-erasmus). Dit is nie 'n navorsingsprojek in die konvensionele sin waar 'n projekaansoek ingedien word nie, maar 'n netwerkgeleentheid om vakkundiges te mobiliseer om samewerkende navorsing te bevorder en saadbefondsing vir toekomstige navorsingspogings te soek. Erasmus Plus het 'n lang geskiedenis van vakkundige uitnemendheid en die bevordering van akademiese leierskap om transdissiplinêre netwerke te versterk om kennis oor, met en deur mense, en die hele menslike wêreld te bevorder.

Nadat 'n hoofrede deur Petro du Preez by die 2021- jaarlikse konferensie van die Internasionale Seminaar oor Godsdiens, Onderwys en Waardes gelewer is (https://www.gu.se/en/pedagogical-curricular-professional-studies/isrev-2021-key-note-speakers#Petro-Du-Preez), het professor Dzintra Ilisko van die Daugavpils Universiteit in Letland vir Petro genader om vanaf September 2022 aan Erasmus Plus-mobiliteitsaktiwiteite deel te neem.

Die Daugavpils Universiteit is 33 km vanaf Belarus, 25 km vanaf Litoue, en 120 km vanaf die Russiese grens geleë. Die vakkundige vennootskap tussen prof Ilisko en Petro strek oor twee dekades en is weer eens deur hierdie inisiatief versterk.

Petro is as langtermyn-gasdosent by die Daugavpils Universiteit uitgenooi en is ook op die redaksie van die UNESCO-ondersteunde vaktydskrif, Discourse and *Communication for Sustainable Education* aangestel. As deel van die samewerking tussen Petro en prof Ilisko sal een akademiese en twee nagraadse studente van die NWU uitgenooi word om aan hierdie mobiliteitstoekenning deel te neem en daarby te baat. Tot dusver is me Erika Potgieter geïdentifiseer as 'n PhD-kandidaat wat by die toekenning kan baat.

'n Transdissiplinêre groep Letlandse navorsers het Suid-Afrika in Januarie 2023 besoek om netwerke verder uit te brei en navorsingsgeleenthede te soek. Die doel daarvan het voorts ingesluit dat netwerke verder as die NWU uitgebrei word.

Tot op hede is die Universiteit Stellenbosch ook by die volgende rondte van die Erasmus Plus-befondsing ingesluit.



**From left to right, back row:** Dr Rolands Moisejevs; Dr Uldis Valainis; Prof Lesley Le Grange (Stellenbosch University); Petro Du Preez; Prof Juris Soms; Ms Liene Leikuma-Rimicāne.
**From left to right, front row:** Ms Inese Hodanova; Ms Erika Potgieter; Prof. Dzintra Ilisko

# Opvoedkundige Sielkunde hou "Par-Tea"!

Die Opvoedkundige Sielkunde-vakgroep het ná 'n suksesvolle 2022 vir hulle jaarlikse afskeidsfunksie met hulle vennote in die gemeenskap byeengekom. Hierdie dankie-sê-vierings het vroeg op 28 Oktober begin by Laerskool Stilfontein, waar ons saam met die skoolhoof, mnr Riaan Grovè, mev Elmarie Deal en me Chantel la Grange bymekaargekom het om 'n suksesvolle skooljaar af te sluit. Ons het op 5 Desember 2022 saam met ons ander vennote 'n wonderlike funksie gehou om die samewerkende vennootskappe in die gemeenskap tussen die Potchefstroom Hospitaal en NG Welsyn te vier. Suster Selina Seobi en suster Oumatjie Makhoere, die maatskaplike werker, mev Maureen Sekano, almal van die Potchefstroom Hospitaal, en die NG Welsyn se maatskaplike werkers mev Retha Erasmus en mev Suene Human het saam met ons 'n jaar van harde werk gevier. Al hierdie professionele persone speel 'n integrale deel om ons BEd Honneursstudente in Opvoedkundige Sielkunde te help groei en ontwikkel deur hulp te verleen met die studente se praktiese opleiding op hulle pad om geregistreerde welstandsberaders by die Vereniging van Holistiese Praktisyns en Ondersteunende Beraders (AHPSC) te word. Vir dosente in Opvoedkundige Sielkunde beteken die praktiese ure wat deur die ASCHP vereis word intense opleiding en supervisie. Hierdie taak word makliker gemaak deur die insigte van ons vennote in die gemeenskap, wat 'n werklike samewerkende ervaring tot gevolg het wat vir ons studente en onsself tot voordeel is om met die gemeenskappe in ons omgewing te kan bybly.

Ná hierdie blootstelling aan samewerking is die BEd Honneurs in Opvoedkundige Sielkunde-studente toegerus om na hulle eie gemeenskappe terug te keer en gemeenskapswelstand te bevorder deur onafhanklik as geregistreerde ASCHP-beraders te funksioneer – 'n broodnodige fokus in die Suid-Afrikaanse konteks.



Educational Psychology Lectures with Potchefstroom Hospital and NG Welfare Staff




Educational Psychology Lectures and Students with Laerskool Stilfontein Staff

# COMBER begin die nuwe jaar met 'n konferensie en twee werkswinkels

*COMBER se buitengewone professor, Mary Brydon-Miller (Universiteit van Louisville, Kentucky, VSA), 'n internasionale samewerker aan prof De Sousa se NNS-projek, het saam met prof De Sousa 'n referaat gelewer by die 5de Global Change-konferensie van die Universiteit van die Vrystaat wat van 30 Januarie tot 2 Februarie gehou is.*

*Prof Brydon-Miller het daarna op 9 Februarie 'n hibriede gemeenskaps-gebaseerde werkswinkel (CBR-werk-swinkel) saam met prof Lesley Wood aangebied, waar deelnemers kennis kon opdoen oor die belangrikheid van etiese beginsels wanneer CBR gedoen word. Prof Brydon-Miller het die belangrikheid beklemtoon dat daar saam met deelnemers gewerk moet word wanneer CBR uitgevoer word.*

*'n Hibriede werkswinkel oor die skryf van voorleggings vir nuwe nagraadse studente en hulle studieleiers is op 10 en 11 Februarie deur prof Lesley Wood aangebied. 'n Totaal van 12 studente en 15 studieleiers het by die werkswinkel aangesluit. Die hoofdoel van die werkswinkel was om nuwe nagraadse studente te verwelkom en aan hulle die geleentheid te gee om hulle studieleiers te ontmoet en om hulle in staat te stel om hulle navorsingsvoorstelle voor Julie 2023 suksesvol in te dien. Die terugvoer van die deelnemers tydens en ná albei werkswinkels was baie positief.*





Prof Mary Brydon-Miller and Prof Luiza de Sousa at the Conference dinner in Bloemfontein

# Japannese medewerker besoek die NWU en projekskool

Prof Yutaka Nakamatsu, dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde by die Kogakkan Universiteit in Japan, het die NWU van 20–24 Februarie 2023 besoek. Sy besoek is deel van 'n internasionale samewerking in 'n projek van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) saam met prof Luiza de Sousa (PK) as die projekleier en dr Irene Muller (VK) as 'n projeklid. Dit is sy tweede besoek aan die NWU, maar die eerste keer aan die Vanderbijlparkkampus.

Prof Nakamatsu, saam met sy studente Tomomi Sawa, Yuki Okumura en Miyu Tanaka en tolk Yuko Nakamatsu, het sy nuwe spanonderrigstyl (lesstudiebenadering, LSA) met voordiensonderwysers as deel van hulle werkgeïntegreerde leer gedemonstreer. Sy nuwe spanonderrigstyl inkorporeer die voordele van samewerkende onderrig en geïndividualiseerde onderrig. Die Japannese span het met behulp van die spanonderrigstyl wat deur die Kogakkan Universiteit ontwikkel is, 'n besoekende wetenskaples gedemonstreer, en 'n leier-voordiens-onderwyser (LPT) en voordiensonderwysers wat eksperimente lei (EPT) gebruik. 'n Groep vierdejaarstudente in die BEd Intermediêre Fase met hoofvakke in Natuurwetenskappe van die Vanderbijlparkkampus en die Potchefstroomkampus en NGOS-studente in Geografie van die Potchefstroomkampus het die aanbieding en bespreking bygewoon. Die doel van die projek is om die kennis van LSA te neem en dit op die metodologie van Geografie-onderwys en Natuurwetenskap-onderwys toe te pas. Die Japannese afvaardiging het ook hulle spanonderrigstyl aangebied aan die onderwysers by die Platinum Village Laerskool in Rustenburg, wat reeds opleiding in LSA ontvang het.



Dr Irene Muller (front) from the Vanderbijlpark Campus with the Japanese delegation and students



Mr Yuko Okumura teaching the Natural Science students



Mr Yuko Okumura teaching the Geography students



NRF project members with the Japanese guests.
L-R: Dr Anette Hay, Mr Yuki Okumura, Assistant Professor Tomomi Sawa, Dr Schalk Raath, Prof Luiza de Sousa, Prof Yutaka Nakamatsu, Dr Pieter Swarts, Ms Miyu Tanaka, Mrs Yuko Nakamatsu



A group photo at Platinum Village Primary in Rustenburg

## Edu-HRight wens prof Shan Simmonds geluk



- Prof SR Simmonds is uitgenooi om op 27–31 Maart 2023 ’n aanbieding by die SASUF (South Africa Sweden Research Forum) by UWK te doen. Die SASUF is ook ’n geleentheid vir samewerking met Sweedse en Suid-Afrikaanse universiteite.

- Prof Simmonds was as ’n hoofondersoeker betrokke by ’n toekennings-aansoek genaamd “Reimagine ethics education teaching sustainability” wat by die Noorweegse navorsingsraad ingedien is. Die uitkoms van die aansoek sal teen September 2023 bekend wees.

- Prof Simmonds is die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger op die WHEM-netwerk. Die netwerk se gesprekstroom is vir die GWO-konferensie in Junie 2023 in Stellenbosch aanvaar. Dit is ’n gesogte geleentheid vir samewerking, aangesien dit die sameroeping van die gesprekstroom behels, en ook dat hulle direk by die organisasie van die konferensie betrokke is.

- Prof Simmonds is uitgenooi om die Vrije Universiteit, Amsterdam (Nederland) te besoek om deel te wees van die navorsingsamewerkings en om by ’n module oor “natuurpedagogiek” betrokke te wees.

## Geluk aan prof Ewelina Niemczyk (Edu-HRight-lid) as pasaangestelde assosiaatgenoot by die Universiteit van Westminster in Londen en hoofredakteur van SARE



Prof Niemczyk het op 17 Februarie ’n uitnodiging ontvang om lid te word - ’n assosiaatgenoot by die navorsingsentrum van die Universiteit van Westminster in Londen (vir besonderhede volg: https://www.westminster.ac.uk/research/groups-and-centres/centre-for-law-society-and-popular-culture). Prof Niemczyk sê: “Ek dink dit is nog ’n belangrike skakel om volhoubare samewerking tussen ons instellings/eenhede te bevorder.”

Prof Steve Greenfield (professor by Westminster se Skool vir Regte en buitengewone professor by Edu-HRight) voeg by: “Ons is gretig om internasionale samewerking te bevorder en u sal ’n groot bate wees in die ontwikkeling van samewerking met NWU-kollegas.”

Tydens die laaste algemene vergadering, wat by die konferensie van die Suider-Afrikaanse vereniging vir vergelykende opvoedkunde en geskiedenis (SACHES) gehou is, is prof Niemczyk as die nuwe hoofredakteur van die *Southern African Review of Education* (SARE) aangewys. Sy neem by prof Azeem Badroodien van UK oor. SARE is ’n DHOO-geakkrediteerde vaktydskrif wat ’n forum verskaf vir kritiese besprekings vanuit ’n verskeidenheid dissiplinêre perspektiewe oor onderwys in die Suider-Afrikaanse streek, en vir die verspreiding van huidige navorsing en vergelykende bevindings. Dit het ’n breë, kruisdissiplinêre gehoor van vakkundiges, navorsers en praktisyns op die gebied van die onderwys.


Happy
Birthday!
To everyone
celebrating
their birthday
this month